



10. VOLHOUBARE BEDIENING



INLIGTINGSFORMAAT


Punt een: Die verslag is as inligting bedoel in verband met die saak van Volhoubare bediening.

Punt twee: Afgevaardigdes kan kommentaar oor die aspekte van die verslag op Indekskaart lewer.



KONFERENSIEFORMAAT

Punt 8 Verwagtinge van gemeentelede en predikante.



BESLUITNEMINGSFORMAAT

Punt 10.9 Verdere optrede.

10. VOLHOUBARE BEDIENING

Hoe lyk die bediening van die toekoms?

10.1 DIE PROBLEMATIEK

10.1.1 In kort is die problematiek:

Die tradisionele bedieningsmodel raak te duur vir gemeentes.

Boonop spreek dit nie altyd al die eise van die dag aan nie.

10.1.2 Hoe word die tradisionele bedieningsmodel verstaan?

10.1.2.1 Op die platteland lyk dit so: In elke gemeente werk een predikant, wat net in die gemeente werk en op die dorp van die gemeente woon. Eredienste word op die sentrale punt gehou. Die predikant doen die “gewone” predikantswerk, soos prediking, pastoraat en die bestuur van die gemeente.

10.1.2.2 In (veral groter) stedelike gemeentes lyk dit so: Die predikant doen steeds die “gewone” predikantswerk. Indien die gemeente groter word, word meer predikante aangestel om die bediening te hanteer. Hoe meer lidmate daar is, hoe meer predikante word betrek.

10.1.3 Watter probleme kom na vore?

10.1.3.1 Kleiner gemeentes se lidmatetal word minder. Dit veroorsaak dat die totale inkomste minder word, sodat die predikante se volle vergoeding nie meer bekostig kan word nie. Daarom word pastorale hulpe of tentmakers aangestel. Meestal is dit afgetredenes, wat kom help.

10.1.3.2 In groter gemeentes word die aantal predikantsposte geleidelik minder. Indien ’n predikant weggaan, word die vakature nie weer gevul nie, maar die ander predikante moet nou al die werk doen. Andersinds word meer lidmate, wat nie-geleitimeerdes is, in die bediening gebruik. Hulle doen dan gewone “predikantswerk.”

10.1.4 Waarom hierdie problematiek?

Dit is waarskynlik ’n hele aantal faktore, wat hiervoor verantwoordelik is. Waarskynlik is dit ook ’n kombinasie van faktore, wat van plek tot plek kan verskil. Voordat sommige faktore bespreek

word, word eers vlugtig na die gegewens van Kerkspieël 2004 gekyk. (Vergelyk punt 10.3 hieronder.)

10.1.5 “Soorte” gemeentes

10.1.5.1 Daar word tans onderskei tussen vier (4) “soorte” gemeentes. Die gemeentes word volgens hulle groottes ingedeel en die prosesse verskil van die een groep na die volgende.

10.1.5.2 Die soorte/groepe is:

Een: Familie gemeente – Dit is ’n gemeente wat uit ’n aantal families, gewoonlik op ’n kleiner plek, bestaan.

Twee: Pastorale gemeente – Dit is die tipiese NG gemeente van ’n aantal jare gelede.

Drie: Projek-gedrewe gemeente – Dit is die meeste van die makro gemeentes.

Vier: Korporatiewe gemeente – Binne ons sinodale gebied is Moreletapark die enigste gemeente, wat binne die groep val.

10.1.5.3 Tydens die Voetsool sinodesittings is die groepe ongeveer volgens die onderskeid ingedeel.

10.1.6 Volhoubare bediening in elke gemeente

Volhoubare bediening raak al gemeentes binne die sinodale gebied. Van Kragveld (die kleinste) tot Moreletapark (die grootste) moet uiteindelik vra: Hoe lyk die bediening van die lidmate? Hoe word hulle toegerus om hulle taak uit te voer? Wat is die rol van geordendes binne hierdie bediening?

10.1.7 Wat word met “volhoubare bediening” bedoel?

10.1.7.1 Met volhoubare bediening word nie ’n bediening bedoel, waar ’n gemeente bloot oorleef nie. Dit handel in die eerste plek nie oor die voortbestaan van die gemeentes, in die huidige formaat en getal nie. Dit handel ook nie die voortbestaan van die huidige predikants-poste nie.

10.1.7.2 Volhoubare bediening het ’n bediening in die oog, wat ter wille van God, mekaar en die



wêreld daar is. Dit is 'n bediening waar die Kerk die sout en die lig van die wêreld is.

10.1.7.3 Hierdie bediening, hou volgens die waardes van die Sinode, met die veranderende konteks rekening.

10.1.7.4 Die veranderinge raak die wêreld waarbinne die lidmate leef, lidmate se behoeftes en verwagtinge, predikante se verwagtinge, finansiële realiteite en die taak en roeping van die Kerk van Jesus Christus.

10.1.8 Kritiese vrae

Die kritiese vrae wat telkens gevra moet word:

Een: Pas die tradisionele bedieningsmodel steeds in ons tyd?

Twee: Hoe lyk 'n bedieningsmodel, wat reg aan die Bybel (teologie) laat geskied en by die sak van die gemeentes pas?

10.2 UITGANGSPUNTE VAN DIE SINODE

10.2.1 In die besig-wees met gemeentes is 'n aantal **uitgangspunte** gevestig. Van die belangrikste word genoem.

10.2.2 Uitgangspunt een - Wat is die gemeente se verhaal?

10.2.2.1 In die gesprek oor gemeentes, moet daar steeds sensitiwiteit wees vir die pad, wat die Here met elke gemeente geloop het. In die woorde van die vorige Voorsitter, ds Gerrie Doyer, het elke gemeente 'n verhaal, wat nie sommerso verby gegaan kan word nie.

10.2.2.2 Elke gemeente moet hulle egter eerlik evalueer en bepaal of die pad waarlangs hulle gekom het, die beste was om hulle roeping uit te voer.

10.2.3 Uitgangspunt twee – Die gemeente bepaal self

10.2.3.1 Elke gemeente bepaal self watter bediening hulle nodig het, maar ook wat hulle kan bekostig.



10.2.3.2 Daar moet spesifiek in die Kerk teen uitbuiting gewaak word. Ampsdraers en amptenare moet billik hanteer word. Die arbeider is immers sy/haar loon waardig.

10.2.4 Uitgangspunt drie – Die gemeente is nie net predikant nie

10.2.4.1 'n Gemeente bestaan nie net, as daar 'n (voltydse) predikant is nie, maar wel as lidmate hulle bediening uitvoer.

10.2.5 Uitgangspunt vier – Die oorhoofse beplanning moet in ag geneem word

10.2.5.1 Dit raak toenemend belangrik dat gemeentes deel van 'n oorhoofse beplanning van die bediening in 'n gebied sal wees. Die Kerkverband kan voordele bring, teenoor 'n situasie waar 'n groepie lidmate net op hulleself aangewese is.

10.2.5.2 Die familie kan nie los van mekaar staan nie! Daar kan vir almal voordele wees, indien saamgewerk word.

10.2.6 Dit is nodig dat die uitgangspunte geëvalueer word. Verder sal ons moet bepaal of ons gewillig is, om hande te vat om daaraan uitdrukking te gee.

10.3 KERKSPIEËL 2004

10.3.1 Kerkspieël 2004 noem 'n aantal tendense, wat beklemtoon dat dit nodig is dat aan hierdie faktore, binne die sinodale gebied aandag gegee moet word. ('n Volledige bespreking van al die sake, kan in Kerkspieël 2004 gevind word.) Kerkspieël 2004 hanteer natuurlik tendense, wat vir die NG Kerk as geheel geld.

10.3.2 Tendense wat die lidmate raak

Een: Sedert 1996 tot 2004 was daar 'n konstante daling in die lidmatetal van die NG Kerk.

Twee: Die lidmate het verouder. Sedert 1981 het belydende lidmate van 65,4% (twee derdes) tot 75,8% (drie kwart) van die totale lidmatetal gestyg. Die jonges word in verhouding minder.

Drie: Lidmate besluit toenemend self by watter gemeente hulle wil inskakel. (Elf persent [11%] van



gemeentes se lidmate was reeds in 2004 buitewykers.)

Vier: Lidmate sien hulle al meer as deel van die "groter" NG Kerk, sonder om noodwendig by 'n plaaslike gemeente in te skakel.

10.3.3 Tendense wat gemeentes raak

Een: Die gemiddelde getal belydende lidmate per gemeente het tussen 1981 en 2004 byna dieselfde gebly. Dit het slegs van 764 tot 758 afgeneem. Tog het lidmate verouder, wat die finansiële vermoëns van gemeentes raak.

Twee: Die gemiddelde getal dooplidmate het van 385 in 1981 tot 236 in 2004 gedaal.

Drie: Die klein plattelandse gemeentes se belydende lidmatetal het met gemiddeld 80 lidmate per gemeente gedaal.

Vier: "Groter gemeentes raak net groter en groter en kleiner gemeentes weer net kleiner en kleiner." (Bladsy 19, Kerkspieël 2004.)

Vyf: Baie gemeentes is so met oorlewing en instandhouding besig, dat daar nie ruimte vir 'n nabuige gerigtheid is nie.

Ses: Meer as 'n derde van die poste vir ouderlinge (34%) en diakens (36%) is vakant.

Sewe: Bykans 'n kwart (23,2%) van die gemeentes het aangedui dat hulle oorweeg of besig met 'n proses van eenwording met 'n buurgemeente is. (Die meeste hiervan is plattelandse gemeentes.)

Agt: Die gemiddelde bruto inkomste van gemeentes vir 2003 / 2004 was R843 404 en die totale uitgawes was R 832 484.

Nege: Bykans twee derdes (65%) van die begroting, word aan personeel bestee en ander vaste uitgawes is nog byna 'n vyfde (20%). Dit laat slegs ongeveer 15% vir diskresionêre uitgawes. Dit is uitgawes ter wille van projekte en aksies.

Tien: Kleiner gemeentes se dankoffer bydraes per lidmaat, is beter as die van groter gemeentes.

Elf: "Kleiner en plattelandse gemeentes gaan in die toekomst swaarder kry. 'n Unieke bedieningspatroon, wat wyer strek as net 'n predikantspos, behoort vir die kategorie van

gemeentes ontwikkel te word." (Bladsy 42, Kerkspieël 2004).

10.3.4 Tendense wat die predikant raak

Een: Die predikantskorps is aan die verouder. Die groep 46 tot 50 jaar is tans die grootste.

Twee: Die gemiddelde getal jare wat 'n predikant in die huidige gemeente werksaam is, het gestyg van 9,6 jaar (2000) tot 11,2 jaar (2004).

Die belewenis van predikante van die bediening

Drie: Die persentasie wat baie gelukkig as predikant van die gemeente is, is hoog 81,4%; al het dit gedaal van 1993 se 86,6%.

Vier: Sistematiese huisbezoek raak al minder belangrik vir predikante - 58,7% in 2004 teenoor 87,7% in 1993.

Vyf: Meer predikante dui aan dat hulle, op die stadium wat Kerkspieël opgeneem is, 'n laagtepunt in hulle geestelike

lewe beleef - 16,1% (2004) teenoor 8,8% (1996).

Ses: Minder dui aan dat die gemeente te veel van hulle verwag - 28,8% (2004) teenoor 41,3% (1989).

Sewe: Minder dui aan dat die bediening hulle onder geweldige spanning plaas - 37,0% (2004) teenoor 46,3% (1993).

Agt: Veel minder dui aan dat die aanspraak op die vrou te veeleisend is - 15,7% (2004) teenoor 51,0% (1989).

Nege: Die meeste geniet hulle werk - 87,8%; al is dit 'n bietjie minder as 1996 se 88,4%.

Tien: Minder beleef spanning oor die eise, wat die bediening stel - 29,1% (2004) teenoor 37,0% (2000).

10.3.5 Tendense wat die rolomskrywing van die predikant raak

*Die vrae oor sowel die gemeente se **verwachting**, as die predikant se **voorkeur**, is deur die predikante ingevul.*

"Lidmate het bepaalde verwagtinge, wat die leraar se rol betref. Daarby het die predikante eie voorkeure, wat hulle rol betref.



Die verskil tussen die gemeente en die predikant se siening van die rol van die leraar bly een van die bronne van spanning of verhoudings probleme tussen leraar en gemeentes.” (Bladsy 84 en 85, Kerkspieël 2004.)

Een: Die verwagting van die gemeentes, (volgens die predikante), is in die volgende volgorde (2004 se opname):

Eerstens as 'n **prediker** - wat oral in alle omstandighede die Woord moet verkondig.

Tweedens as 'n **toeruster** - wat die lidmate se gawes help ontwikkel, sodat elkeen die gemeente en gemeenskap daarmee kan dien.

Derdens as 'n **priester** - wat as leier die tradisie beskerm en die Here se genade bemiddel.

Vierdens as 'n **profeet** - wat op sosiale, maatskaplike, ekonomiese en politieke gebied misverstande onbevrees uitwys en die gemeenskap lei om te verander.

Twee: Die voorkeur van die predikante was:

Toeruster – tweede by die gemeente
Prediker
Profeet – vierde by die gemeente
Priester

Drie: Meer ondersteuning behoort vir die predikant op 'n beplande, geïntegreerde wyse deur die gemeente en die Kerkverband gegee te word. Die ondersteuning is nodig vir voortgaande

bedienings- en persoons-ontwikkeling, sowel as vir die persoonlike- en gesinslewe.

10.4 WAT PLAAS DIE TRADISIONELE BEDIENINGSMODEL ONDER DRUK?

HIERDIE FAKTORE MOET, IN DIE ONTWIKKELING VAN 'n EIE-TYDSE BEDIENINGSMODEL, AANDAG GENIET

10.4.1 Die belydende lidmatetal van gemeentes neem af

10.4.1.1 Die belydende lidmate word minder en die oorblywende belydende lidmate kan nie meer genoeg bydra, om die tradisionele bedoening te befonds nie. Kerkspieël 2004 het die aanname bevestig dat die lidmate van die NG Kerk “armer, ouer en minder” word.

10.4.1.2 Die prentjie binne die Sinode van Oos-Transvaal is **eiesoortig**. Dit is een van die min sinodale gebiede, waar daar groei is. Sedert 1994 het die aantal belydende lidmate van 82,951 tot 96,659 toegeneem.

10.4.1.3 Indien daar ook onderskei word tussen die groepe, soos met die Voetsool sinodesittings, naamlik **Een en minder leraar** gemeentes, **Twee leraar** gemeentes en **Drie en meer leraar** gemeentes, blyk die verandering duidelik: Tabel een dui die verandering in die aantal belydende lidmate tussen 1994 en 2004 aan, sowel as die verandering van die gemiddelde aantal belydende lidmate per gemeente.


Tabel een – Verandering in die aantal belydende lidmate, 1994 tot 2004

	Aantal gemeentes	Aantal belydende lidmate		Gemiddeld per gemeente	
		1994	2004	1994	2004
Gesamentlik	89	82,951	96,659	932	1,086
Een en minder leraar	53	29,078	23,336	549	440
Twee leraar	15	15,815	14,955	1,054	997
Drie en meer leraar	21	38,058	58,368	1,812	2,779

10.4.1.4 Die effek wat Moreletapark op die statistiek het, kan nie onderskat word nie. Sedert 1994 het hulle belydende lidmatetal van 2,121 tot 12,312 toegeneem. Indien die groei van 10,191 buite rekening gelaat word, styg die totale lidmatetal en die gemiddelde aantal belydende lidmate per gemeente steeds.

10.4.1.5 Uit die onderskeidelike groepe, blyk dit egter dat gemiddeld (en in werklikheid) slegs die groter (**Drie en meer leraar gemeentes**) gegroei het. **Twee leraar gemeentes** het gemiddeld met 57 tot 997 verminder en **Een en minder leraars** het met 109 verminder. Hierdie twee groepe maak 68 van die 89 gemeentes van die Sinode uit. Die volgende lyn-diagram (Tabel twee) stel dit visueel voor.

Tabel twee – Verandering in gemiddelde die aantal belydende lidmate van die drie groepe gemeentes, 1994 tot 2004



10.4.2 Die dooplidmate van die gemeentes

10.4.2.1 Tabel drie toon hoe die aantal dooplidmate sedert 1994 verander het. Soos met die belydende lidmatetal, is hierdie gegewens uit die statistiek van die Jaarboek geneem.

10.4.2.2 Die verandering word ook vir al die gemeentes gesamentlik, sowel as vir die drie groepe gemeentes afsonderlik gegee.

Tabel drie – Verandering in die aantal dooplidmate 1994 tot 2004

	Aantal gemeentes	Aantal dooplidmate		Gemiddeld per gemeente	
		1994	2004	1994	2004
Gesamentlik	89	37,847	34,349	425	386
Een en minder leraar	53	13,597	8,481	257	160
Twee leraar	15	8,393	6,040	525	378
Drie en meer leraar	21	15,857	19,828	793	991


10.4.2.3 Ander as met die belydende lidmatetal, neem die totale aantal dooplidmate van al die gemeentes gesamentlik af. Die afname is bykans 10,2%.

10.4.2.4 Van die onderskeie groepe, is dit net die **Drie en meer leraar** gemeentes wat 'n styging toon. Die daling van die **Een en minder leraar** gemeentes is 37,6% en die van die **Twee leraar** gemeentes is 28,02%.

10.4.2.5 Die effek van Moreletapark moet weer in ag geneem word. Hulle dooplidmate het gedurende die termyn met 3,188 gegroei. Dit maak 'n groot gedeelte van die totale groei van die groep gemeentes uit, wat 3,971 was.

10.4.2.6 Tabel vier stel hierdie verandering ook visueel voor.

Tabel vier – Verandering in gemiddelde die aantal dooplidmate van die drie groepe gemeentes, 1994 tot 2004



10.4.3 Die gemiddelde bydrae per belydende lidmaat neem (verhoudingsgewys) af?

(Vir die volgende punte word met lidmate, belydende lidmate bedoel.)

10.4.3.1 Het ons armer geword, of gee ons minder? Om dit naastenby antwoord, kan ons ook na die geskiedenis van die jare 1994 tot 2004 kyk.

10.4.3.2 Die gemiddelde bydrae per lidmaat het verander, soos in Tabel vyf hieronder aangedui is. (Dieselfde drie groeperings word weer gebruik.) Die toename van die bydrae per lidmaat, word ook

met die inflasie koers vergelyk. Die bydraes soos in 1994 gegee, word met die **VPIX** aangepas, om die waarde in 2004 te bepaal.

10.4.3.3 Die begrip “bydraes” beteken die bedrae, wat die totale lopende inkomste van ’n gemeente uitmaak. Dit sluit egter nie skulddelging en spesiale insamelingsprojekte in nie. Die laaste kolom dui die effek hiervan aan. Hierdie bedrae word afgebreek tot maandelikse bydraes per lidmaat, sodat dit ’n prakties illustrasie kan wees.

Tabel vyf – Verandering in die gemiddelde bydrae per lidmate per maand - 1994 tot 2004

	Gemiddelde bydrae per lidmaat per maand			Plus spesiale insamelings 2004
	1994	2004	VPIX	
Gesamentlik	R45,38	R87,15	R94,57	R123,33
Een en minder leraar	R46,06	R99,17	R95,98	R112,40
Twee leraar	R46,30	R102,16	R96,49	R113,51
Drie en meer leraar	R43,55	R78,50	R90,76	R130,22

10.4.3.4 Die gemiddelde bydrae per lidmaat per maand het slegs by die Een en minder leraar en die Twee leraar gemeentes die inflasie-koers

geklop. Vir die Sinode as geheel, dra lidmate verhoudingsgewys **minder** by as gedurende 1994.

10.4.3.5 Hoe minder lidmate daar in 'n gemeente is, hoe meer moet bygedra word om die bediening in stand te hou.

10.4.3.6 Die spesiale projekte mag nie buite rekening gelaat word nie. Al was dit bydraes, wat 'n gemeente ontvang het en (meestal) dadelik uitbetaal het, kom dit nog uit dieselfde beursie van die lidmaat. Hiervolgens kan gesê word dat die lidmate verhoudingsgewys **meer** as in 1994 bydra, hoewel hulle op 'n ander manier bydra.

10.4.3.7 Hierdie resultaat is bereik, hoewel die besteebare inkomste van lidmate minder word. Die volgende faktore werk hiertoe mee:

Een: Die lidmate moet nou betaal, vir dienste waarvoor hulle vroeër nie hoef te betaal het nie. Dit is byvoorbeeld hoër onderwysgelde, groot bedrae vir beveiliging en maatskaplike versorging. Talle instansies ding ook saam met die Kerk om die beursies van die lidmate op 'n dorp mee.

Twee: Nuwere tegnologie kos meer. Selfone, die internet en die skottel-TV moet betaal word.

Drie: Mediese koste neem vinniger toe, as wat die inkomste toeneem.

Vier: Die lewenstyl van lidmate is nie meer eenvoudig nie.

Vyf: Daar moet meer hulp as vroeër aan kinders en ouers verleen word.

Ses: Baie persone het vroeër afgetree, wat veroorsaak dat hulle op die lang duur minder fondse beskikbaar het.

Sewe: Rentmeesterskap kom dikwels nie genoeg tot sy reg nie. Miskien is dit die belangrikste faktor. Lidmate se bydrae weerspieël nie altyd hulle dankbaarheid nie.

10.4.4 Die "minimum leefbare inkomste" vir 'n gemeente om die tradisionele bediening te bedryf

10.4.4.1 Om 'n gemeente volgens die tradisionele model te bedien, kos 'n bepaalde minimum bedrag. Ondersteuningsdienste het die afgelope jare hierdie bedrag probeer bepaal. Dit was in 'n poging om pro-aktief op te tree en gemeentes te help. Die bedrag is volgens die verskillende

elemente in 'n gemeente se inkomste staat vasgestel. Vir 2004 was die bedrag R500 000.

10.4.4.2 Indien hierdie bedrag deur die gemiddelde bydrae per lidmate gedeel word, word die aantal lidmate verkry, wat nodig is om so 'n gemeente se boeke te laat klop. Dit is soos volg:

R500,000 gedeel deur R87,15 per maand = **478** lidmate, volgens die gemiddelde van die Sinode.

Of volgens die gemiddelde van Een en minder leraar gemeentes:

R500,000 gedeel deur R99,17 per maand = **420** lidmate.

(Binne die Sinode is daar **28** gemeentes met minder as 420 lidmate.)



10.4.4.3 Andersyds kan gevra word hoeveel lidmate gemiddeld moet bydra om die bediening in stand te hou?

Indien die bediening R500,000 per gemeente kos en daar is gemiddeld **440** lidmate binne die Een en minder leraar gemeentes (soos in *Tabel een* aangedui), behoort die bydrae R94,70 per maand te wees. Dit is minder as die huidige gemiddelde. Die kritiese faktor is egter die 440 lidmate. Indien dit net 300 is, soos 'n aantal gemeentes, moet die bydrae R138,89 per maand wees.

10.4.5 Koste van personeel

10.4.5.1 Die koste van personeel is 'n groot gedeelte van 'n gemeente se uitgawes. Daar kan tussen die predikant(e) en die ander personeel onderskei word.

10.4.5.2 Vir die vergoeding van predikante, word daar voldoende riglyn voorsien, wat in die lig van die plaaslike omstandighede aangepas kan word. Dit bied egter die pakket van 'n "gemiddelde" predikant.

10.4.5.3 Die vergoeding aan die amptenare volg op 'n tydperk toe die werk vrywillig gedoen is en persone 'n honorarium daarvoor gekry het. Daarom behoort gemeentes voldoende pakkette saam te stel, wat weer 'n effek op die begroting gaan hê. Uiteindelik kan net diens bekostig word met die fondse, wat daarvoor beskikbaar is.

10.4.6 Pakket vir die predikant

10.4.6.1 Hierdie koste is gewoonlik die grootste uitgawe vir 'n gemeente. As die afgelope jare



(1994 tot 2004) se aanpassings van die traktement (vergoeding) met die inflasie-koers vergelyk word, is die resultaat dat die traktement R121 per jaar meer is, as wat die VPIX dit sou bereken het.

10.4.6.2 Duidelik is dié koste van 'n predikant nie bo 'n gemeente se vermoë nie.

10.4.6.3 Die vergelyking vir die reiskoste lyk anders. Dit word volgens die AA se tabelle gedoen en is dus in ooreenstemming met die mark. Uit die syfers kan gesien word dat reiskoste 'n aantal persentasie punte meer as die VPIX gestyg het.

10.4.6.4 Hierdie koste bepaal 'n gemeente volgens die werk wat gedoen moet word.

10.4.6.5 Die eerste aanduidings is dat die pakket van die predikant in verhouding met die ander kostes, nie buitensporig gestyg het nie. Dit is nie 'n primêre faktor, waarom die tradisionele bedieningsmodel te duur vir gemeentes word nie.

10.4.6.6 Sommige gemeentes kan nie meer die volledige pakket van 'n predikant bekostig nie. Dan word 'n persoon aangestel om die diens te lewer, teen 'n vergoeding van die bedrag beskikbaar. Dikwels lei dit tot 'n onbillikheid, deurdat die verwagting daar is dat die persoon die volle verpligtinge van 'n pos dra, maar nie daarvoor vergoed word nie.

10.4.6.7 Die billike weg is om 'n persoon vir die hoeveelheid tyd aan te wend, wat met die beskikbare fondse bekostig kan word. Dit stel hom/haar ook in staat om die ontbrekende fondse aan te vul.

10.4.7 Die realiteit van die werkplek

10.4.7.1 Meer gemeentes probeer met die tradisionele bedieningsmodel te oorleef, deur van 'n predikant, met 'n afgeskaalde werkopdrag gebruik te maak.

10.4.7.2 Heelwat gemeentes kan net van pastorale hulpe of tentmakers gebruik maak. Tans is daar reeds 13 gemeentes binne die sinodale gebied, wat nie meer 'n volledige predikantspos kan bekostig nie. Daar is sewe (7) pastorale hulpe, wat reeds emeriti is. Hulle doen goeie werk, maar 'n nadeel van die werkswyse, is dat hierdie predikante vir die kort termyn in die gemeente is. Daar kan nie genoeg betekenisvolle verhoudinge opgebou word nie. Daar is egter, volgens hierdie

manier van doen, 'n predikant op die dorp en die "gewone" werk kan gedoen word.

10.4.7.3 Omdat daar meer opgeleide predikante is, as wat daar poste beskikbaar is, is die predikante dikwels verleë vir werk. Daar is dus 'n ooraanbod van voornemende werknemers. Daarom kan gemeentes vir 'n kleiner besoldiging (dit is die beste wat hulle kan bekostig!) werk aanbied. Vir hierdie besoldiging word gewerk of die predikant het nie werk nie.

10.4.7.4 Predikante wat 'n gedeelte (byvoorbeeld 5/8) van 'n pos beklee, vind dit moeilik om die inkomste aan te vul. Daar is nie oral werksgeleenthede beskikbaar nie. Die huidige praktyk van teologiese opleiding help ook nie hiervoor nie. Ander vaardighede word nie ontwikkel nie. Die gemiddelde afgestudeerde is nie gerat om om ook 'n ander bedryf as tentmaker te beoefen nie.

10.5 VERWAGTING VAN DIE BEDIENING

10.5.1 Om te bepaal of daar alternatiewe modelle gesoek moet word, moet ook bepaal word wat die huidige verwagtinge is. Hierdeur sal ook aangetoon word, watter verwagtinge verander moet word.

10.5.2 Wat is die gemiddelde bedieningsverwagting van gemeentede?


10.5.2.1 Kerkspieël 2004 noem min oor die gemeentes se verwagtinge van die bediening.

10.5.2.2 Uit gesprekke blyk dit dat baie gemeentes net van die bediening verwag dat daar 'n predikant is, wat Sondae preek, die sakramente bedien, kerkraadsvergaderinge lei en besoeke doen. Dikwels moet die predikant ook op "hulle" dorp woon

en 24 uur per dag vir hulle beskikbaar wees!?

10.5.2.3 Hierdie aannames moet getoets word en verskillende alternatiewe moet ook aan die gemeentes voorgelê word.

10.5.2.4 Verder moet gemeentes bepaal of hulle net wil oorleef en instandhou, anders as om 'n verskil in hulle omgewing te maak? Daarvoor is waarskynlik ander bedieningsmodelle nodig!?



10.5.2.5 Gemeentes behoort ook te bepaal hoe hulle met verminderde fondse steeds 'n positiewe bydrae kan lewer.

10.5.2.6 Sake wat ook hanteer moet word, is die gemeente se siening van Kerkwees; 'n visie vir/van die gemeente se roeping; wat noodsaaklik is (absoluut essensieel) vir 'n gemeente om te bestaan; Bybelse gegewens oor die verantwoordelikheid om die leraar te versorg; benutting van die gemeentede se gawes; rentmeesterskap.

10.5.3 Wat is die verwagting van die predikante?

10.5.3.1 Kerkspieël 2004 noem ook nie spesifiek, wat die predikante se verwagtinge van die bediening is nie.

10.5.3.2 'n Algemene siening is dat predikante professionele persone wil wees, wat volgens hulle gawes kan werk en 'n voldoende vergoeding kry.

10.5.3.3 Hierdie siening sal ook verder ondersoek moet word.

10.5.3.4 Ander sake wat ook aandag moet kry, is die vaardighede van die predikant; persoonlike bestuur, beplanning en voorsiening; die gesin se belewenis.

10.5.4 Wat is die rol van die Kerkverband?

10.5.4.1 Uit die ondersoek moet bepaal word in watter mate Artikel 9 van die Kerkorde nog in die kol is. Dit is mos die Artikel, wat die werk van 'n predikant reël.

10.5.4.2 Is daar ander reëlings van die Kerkorde wat ook ondersoek moet word? Moet dit steeds net predikante wees, wat die sakramente bedien? Moet daar steeds 'n predikant uit die ring by die kerksaamvindinge teenwoordig wees, indien die gemeente nie 'n persoon met predikants-bevoegdheid in diens het nie, hetsy as pastorale hulp of tentmaker. Moet 'n predikant noodwendig by die pensioenfonds ingeskakel wees? En talle ander praktiese vrae.

10.5.4.3 Die teologiese opleiding behoort ook onder die loep te kom. Predikante kry byvoorbeeld dieselfde opleiding om in verskillende omstandighede te werk.

10.5.4.4 Die riglyne wat diensverhoudinge reël, moet ook aandag kry. Daar is 'n botsing tussen

die traktementsgedagte en vergoeding volgens diens wat gelewer word. Die nuwe arbeidsomgewing speel hierin ook 'n rol.

10.5.4.5 Al die moontlikhede in verband met die tentmakerstelsel, moet ook uitgebou word.

10.6 ANDER MOONTLIKHEDE

10.6.1 Bestaande inisiatiewe

10.6.1.1 Daar is bestaande inisiatiewe wat benut kan word om aan sekere van die sake aandag te gee. Dit is onder andere die Genootskap van Gestuurde Gemeentes, wat prakties aan uitdagings aandag gee; opleidings deur onder andere die CFN (waarby dr Arnold Smit betrokke is).

10.6.1.2 Die wyse waarop Sinodes soos die Oos-Kaapland en die gewese Sinode van Midde-Afrika aan die situasie aandag gegee het, kan ook bruikbare insigte gee.

10.6.2 Nuwe moontlikhede

10.6.2.1 Die moontlikhede om in 'n bepaalde gebied **saam te werk** om volhoubare bediening vir die hele streek uit te werk, moet ondersoek word.

10.6.2.2 So 'n projek behoort deur die **Kerkverband** gekoördineer te word en al die gemeentes moet "inkoop" om 'n model vir almal te laat werk. Lewers kan 'n loods-projek begin word om die gedagtes te toets. Daar moet ook voorbeelde kom van projekte, wat werk.

10.6.2.3 In sekere gebiede kan die bediening moontlik hanteer word deur geordendes plus ander werkers.

10.6.2.4 Meer tentmakers kan in gemeentes benut word.

10.6.2.5 Meer indiens-opleiding behoort te kan plaasvind. 'n Persoon behoort na 'n basiese opleiding in diens te kan tree en verdere kwalifikasies daarna verwerf om meer verantwoordelikhede te hanteer.

10.6.2.6 Dit is noodsaaklik dat die gemeentes, wat in hierdie situasie is, bymekaar sal kom om hulle ervaringe te deel. Uit sulke werkwinkels kan daar waardevolle riglyne vir volhoubare bediening saamgestel word.



10.6.3 Ander gespreksgenote

10.6.3.1 Om die bediening van gemeentes te beskryf, behoort weer gevra te word wat die Bybel oor die rol, taak en funksie van die gemeente sê.

10.6.3.2 Die bydrae van die Praktiese teologie, maar veral van die Missiologie, moet gevra word. Daar moet veral klem gelê word om in 'n nuwe (veranderende) omgewing gemeente te wees. Bring ons nog die Kerk effektief by die wêreld uit? Weet ons hoe om dit te doen?

10.6.3.3 Ook die Dogmatiek en ons Gereformeerde tradisie moet saampraat oor ampswerk en 'n (nuwe) eietydse beskrywing van die amp.

10.7 BELANG VAN DIE DIENSGROEP

10.7.1 Hierdie saak was hoog op die terugvoerlyns van die Voetsool sinodesittings. Dit is te verstane, want dit handel nie net oor 'n moontlike interessante studie nie, maar die nood van die gemeentes weerklink hierin.

10.7.2 Dit is 'n eksistensiële nood – 'n bestaansnood van gemeentes. Talle gemeentes beleef reeds dat hulle slegs met pastorale hulp kan funksioneer.

10.7.3 Volgens projeksies van die gewone demografiese patrone, gaan nog 'n aantal (moontlik 10) gemeentes binne die volgende 10 jaar nie in die huidige formaat bly voortbestaan nie.

10.7.4 Die effek van grondhervorming en Swart Ekonomiese Bemagtiging, gaan die proses verhaas. Die nuwere neigings van lidmate, wat nie sondermeer lojaal aan die plaaslike gemeente is nie, dra verder hiertoe by. (Om nie eers die effek van 'n moontlike Kerkhereniging te noem nie.)

10.7.5 Soos reeds in *punt 10.1.3.2* genoem is, kom hierdie vraagstukke ook in groter gemeentes voor. Daar behoort egter eers klem op die bediening van kleiner gemeentes gelê te word. Die beginsel wat wel ter sprake kom, kan ook by die groter gemeentes geld. Dink byvoorbeeld aan gesamentlik bediening in 'n gebied, persone wat op 'n paar plekke toegespitste diens lewer, persone (nie noodwendig predikante nie) wat sleutelrolle in die bediening vervul, desentralisasie

en sentralisasie, sowel as die gebruik van moderne kommunikasie middele.

10.7.6 Die saak van hierdie Diensgroep, kan dié saak van die volgende aantal jare wees.

Persone wat belangstel om by hierdie saak betrokke te wees, kan hulle name op Indekskaart skryf.

10.8 MOONTLIKE BESPREKINGSVRAE

Vir hierdie sessie word die predikante en die ouderlinge/diakens om aparte tafels geplaas. Die verskillende groepe gemeentes word ook saam gegroepeer.

10.8.1 Vir die ouderlinge en diakens

Een: Wat is die bedieningsverwachting van gemeentedele?

Twee: Is hierdie verwagting op die lang termyn haalbaar?

Drie: Verwoord hierdie verwagting die Bybelse taak van 'n gemeente?

10.8.2 Vir die predikante

Een: Wat is die bedieningsverwachting van predikante?

Twee: Is hierdie verwagting op die lang termyn haalbaar?

Drie: Verwoord hierdie verwagting die Bybelse taak van 'n gemeente?


10.8.3 Vir almal

Hoe kan hierdie verwagtinge bymekaar gebring word?

10.9 AANBEVELINGS

Een: Die Sinodale Diensraad stel 'n Diensgroep vir Volhoubare bediening saam.

Twee: Hierdie Diensgroep gebruik die inligting uit hierdie sinodesitting, as riglyne vir verdere ondersoek.



10.10 LEDE VAN DIE DIENSGROEP

Dr Danie Dreyer
Dr Louis Louw
Ds Francois Retief
Ds Marius Maree
Dr Jan Bisschoff
Ds Henry van der Schyff



Danie Dreyer



Louis Louw




Francois Retief



Marius Smit



Jan Bisschoff



Henry
van der Schyff